



eduresourceza.com



ST JOHN'S COLLEGE

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL 1

Tyd: 2½ uur
Eksaminator: M Huysamer

100 punte
2021 HV Proefeksamen

Modereerders: GO, JF, EP, GM, IM

Instruksies:

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye en VIER afdelings:

Afdeling A:	Begripstoets	30 punte
Afdeling B:	Opsomming	10 punte
Afdeling C:	Poësie	30 punte
Afdeling D:	Taal	30 punte

Beantwoord al die vrae in al die afdelings.

Skryf jou onderwyser se naam op jou antwoordboek.

Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy in jou antwoordboek.

Sterkte!

HEG BETEKENISWAARDE AAN TEKS

AFDELING A: LEESBEGRIP

Vraag 1

'n ARTIKEL

Lees die onderstaande teks deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg.



[Bron: santacruzsentinel.com/2021/05/08/]

DIE MENS**DOM** KAN BAIE DOM WEES!

1. Baie van ons is as kinders teen kindersiektes soos pokke of masels ingeënt. In ruil vir ons trane het ons kraters op ons bo-arms gekry en in Graad 2 het ons hulle ons “battle scars” genoem. Ons het nooit pokke of masels gekry nie en hierdie siektes is effektief uitgeroei.
2. Ons ouers het die inenting aanvaar omdat hulle in die wetenskap geglo het. Ons neem ook inspuitings teen geelkoors sonder om twee maal te dink sodat ons oorsee kan reis en ‘n paspoort mag dra. Ons kry nie geelkoors nie en ons gaan met ons lewens aan.
3. Maar met die Covid-19 pandemie sing baie van ons skielik ‘n ander deuntjie. Op Facebook en in WhatsApp-boodskappe wat viraal versprei word met die 🤖🤖-emotikons, terroriseer liggelowige mense (wat laas in Graad 9 wetenskap geneem het) duisende ander liggelowige mense (wat laas in Graad 9 wetenskap geneem het).
4. Ons vrees die “Merk Van Die Bees” en Satan se rol in hierdie komplot. Ander glo dat daar ‘n groot Chinese sameswering is om die mensdom met 5G in donker kampe in te jaag. Nog ander wantrou die geldmag; meer spesifiek dié van Bill Gates (snaaks dat die Guptas nie ook verdink word nie!). Dan is daar nog die verskuilde agenda en bose intensies van die Illuminati se Nuwe Wêreldorde. Ons DNS gaan verander, ons gaan magneties word, ons word met mikroskopiese mikroskopies ingespuut sodat **‘Hulle’** 24/7 kan sien presies waar ons rondbeweeg.
5. Daar is natuurlik altyd ook die slimmes onder ons wat beter weet as die wetenskaplikes en wat die virus sal uitroei met boerate, stoombaddens, sinus-gorrels, swembad-reinigings, anti-malariatablette, kruie, snaakse goggas ... enigiets behalwe die gevreesde onheilige entstof. In die Midde-Ooste is daar gemeenskappe wat – ek belowe julle! – kameelurine drink om die virus dood te maak!

6. Ons glo skeptiese kwaksalwers en huisdokters bo die beste wetenskaplikes in die wêreld en ons drink Ivermectin in galonne asof dit die virus kan voorkom. Ons bevraagteken wat die entstof alles dalk mag bevat terwyl ons, sonder om die inhoud te bevraagteken, KFC en ander wegneemetes verorber, Pretoria se water drink, Secunda se lug inasem, gesmokkelde sigarette rook en ons honde oopbek soen. Wat op aarde, mense!
7. Die oplossing is eenvoudig: Dra jou masker. Bly so ver jy kan by die huis. Hou sosiale afstande. Vermy *superspreader* geleenthede. En neem tog asseblief die entstof! As ons almal hierdie eenvoudige goed sou doen, kan ons 'n 4de, 5de en die hemel alleen weet hoeveel golwe nog voorkom.
8. En dís geen ouvroustorie nie ...

[Bron: verwerk en aangepas uit 'n anonieme WhatsApp boodskap]

- 1.1 Noem **TWEE** siektes waarteen inentings, volgens die teks, in die verlede effektief gewerk het. (2)
- 1.2 “Maar met die Covid-19 pandemie sing baie van ons skielik 'n ander deuntjie.”
Wat beteken dit as 'n mens **figuurlik** 'n ander deuntjie sing? (1)
- 1.3 Waarvoor staan die 🤔🤔-emotikons? (1)
- 1.4 Verduidelik wat so ironies is omtrent die mense wat boodskappe op WhatsApp en Facebook stuur om ander mense bang te maak. (1)
- 1.5 Noem **EEN** vrees wat versprei word deur die mense wat nie in die entstof glo nie. (1)
- 1.6 Noem **EEN** ding in plaas van die entstof wat mense gebruik om die koronavirus dood te maak. (1)
- 1.7 In paragraaf 5 onderbreek die skrywer 'n sin met die woorde 'ek belowe julle', in parentese.
Hoe dink hy gaan die lesers reageer op sy stelling dat sommige mense kameelurine drink? (1)
- 1.8 Waarvoor behoort ons eerder versigtig te wees in ons alledaagse lewens in plaas van vrese oor die entstof?
Noem **EEN** ding. (1)
- 1.9 Lees paragraaf 8 weer.
Verduidelik in jou eie woorde wat 'n 'ouvroustorie' is. (1)

[10]

Vraag 2

'n STROKIESPRENT

Lees die volgende strokiesprent oor Linda Motlhalo – een van Suid-Afrika se nuutste sokkersterre – en beantwoord daarna die vrae wat daarna volg.

SEDERT **KINDSBEEN** ...



KON LINDA MOTLHALO **NOOIT** WEGBLY VAN SOKKER NIE!

SY'T SELFS TWEE KEER 'N DAG GEOEFEN. EERS MET DIE MEISIES




EN TOE WEER MET DIE SEUNS!

KORT VOOR LANK HET SY SO GOED GESPEEL ...



... DAT EEN AFRIGTER BEWYSE WOU SIEN DAT SY NIE 'N SEUN WAS NIE!

OM UIT TE STAAN WAS MOEILIK, MAAR DIT HET LINDA NIE LANK GEPLA NIE.



HAAR PA WAS IN HAAR HOEKIE EN HET HAAR **ALTYD** AANGEMOEDIG.

HAAR OOM, "BANKS" SETLHODI, WAS OOK 'N INSPIRASIE.



HY WAS EEN VAN DIE **BESTE DOELWAGTERS** WAT SA OOIT GESIEN HET!

LINDA HET DUS **ALTYD** UITGESTAAN.



BINNEKORT IS SY GEKIES VIR DIE SA NASIONALE SPAN - 'N EER WAT SY **NOOIT** VAN GEDROOM HET NIE!

BY DIE EERSTE SPANOEFENING, WAS SY **TE SENUWEEAGTIG** OM TE ROEP VIR DIE BAL.



MAAR HAAR AFRIGTER HET SOVEEL **IN HAAR GEGLO** ...

DAT HAAR **SELFVERSEKERING** VINNIG GEGROEI HET.



OP 18 WAS SY 'N **OLIMPIESE ATLEET** OPPAD NA GLORIE!





[Bron: vertaal en verwerk uit Supa Strikas se Facebookblad]

- 2.1 Die eerste sin van die strokiesprent is 'Sedert kindsbeen kon Linda Motlhalo nooit wegbly van sokker nie'.
- Dit beteken dat: (kies **EEN** en skryf slegs die letter van jou antwoord neer)
- A Linda dikwels sokker gespeel het nadat sy haar kunsbeen gekry het.
 - B Linda van 'n jong ouderdom baie sokker gespeel het.
 - C Linda altyd sokker gespeel het nadat sy haar huiswerk voltooi het.
 - D Linda sokker kon speel nadat sy deur haar nuwe ouers aangeneem is. (1)
- 2.2 Verwys na die derde raampie van die strokiesprent.
- Hoe, dink jy, het Linda gevoel toe een afrigter bewyse wou sien dat sy nie 'n seun was nie? (1)
- 2.3 'Haar pa was in haar hoekie en het haar altyd aangemoedig.'
- Verduidelik wat dit beteken om in iemand se hoekie te wees. (1)
- 2.4.1 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is.
- Linda was altyd vasberade om eendag gekies te word om Suid-Afrika op die sokkerveld te verteenwoordig. (1)
- 2.4.2 Haal uit die leesstuk aan om jou antwoord in Vraag 2.4.1 te motiveer. (1)
- 2.5 Wat was die eerste ding wat Linda moes oorkom toe sy vir die nasionale span begin speel het? (1)
- 2.6 In watter oorsese land het Linda later sukses behaal met haar loopbaan as sokkerspeler? (1)
- 2.7 Noem **TWEE** merkwaardige feite oor die tennisspeler Kgothatso Montjane. (2)
- 2.8 Die sleutel tot al Linda se suksesse – van skoolkind tot waar sy nou is – was altyd die mense om haar.
- Wie, dink jy, het die grootste rol gespeel in haar sukses? Motiveer jou antwoord. (1)
- [10]**


VRAAG 3 VISUELE GELETTERDHEID

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord daarna die vrae wat volg.



[Bron: www.netwerk24.com/stemme/spotprente/]

- 3.1.1 Hoe kan ons aan die klein dogtertjie se gesig sien dat sy bang is? Noem **TWEE** leirade. (2)
- 3.1.2 Hoe kan ons aan die ouma se gesig sien dat sy **NIE** bang is nie? Noem **TWEE** leirade. (2)
- 3.2 Noem **TWEE** leirade (behalwe vir die ouma se woorde) wat vir ons sê dat die oupa besig is om te slaap. (2)
- 3.3 Wat noem ons die skoene wat van die oupa se voete afgeval het? (1)
- 3.4 Wat dra die ouma op haar gesig om beter te kan sien? (1)
- 3.5 Waarop rus die oupa sy kop? (1)
- 3.6 Kyk goed na die vergroting hieronder. Wat is die **funksie** van die lyntjies wat om die figuur van die oupa geteken is? (1)



[10]

30 punte

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 4****HOE OM MENSE TE LAAT WEET DAT JY TRANSGENDER IS**

- Lees die onderstaande teks.
- Som dan die vyf **WENKE** om mense te laat weet dat jy transgender is in jou eie woorde op en noem elke keer 'n **REDE** vir die wenk.

*byvoorbeeld: Mediteer 'n halfuur voor die tyd, **want** dit sal help om jou senuwees te kalmeer.*

- Dit moet elke keer **EEN** sin wees met 'n wenk en 'n rede wat met 'n voegwoord verbind word.
- Skryf die opsomming in vyf volsinne neer. Jou opsomming moet ongeveer 70 woorde bevat.
- Nommer die wenke van 1 tot 5.


Onthou:

- om 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer te skryf.
- om nie volsinne direk uit die teks te haal nie.
- dat jy gepenaliseer sal word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is.
- dat elke hoofpunt slegs **EEN** sin, met **die wenk** en **die rede** vir daardie wenk, moet bevat.
- om jou opsomming te beplan voordat jy begin skryf. **Trek 'n streep deur jou beplanning** sodra jy klaar is met jou opsomming.

HOE OM JOU TRANSGENDER-IDENTITEIT BEKEND TE MAAK

Alhoewel dit deesdae baie makliker is om 'n mens se gender te ontbloot, is dit nog steeds nie maklik nie. Oorweeg die volgende wenke om daarmee te help.

'n Algemene fout wat gemaak word, is om nie vooraf te beplan wat jy gaan sê nie. Dit kan lei tot misverstande en verwarring. Moet nooit onvoorbereid in só 'n gesprek ingaan nie. Vind ook uit hoe ander mense dit gedoen het voordat jy dit doen.



Sommige mense is gemakliker om 'n brief of e-pos te skryf eerder as om van aangesig tot aangesig met mense uit te kom. Dink aan wat die beste vir jou sal werk. As jy verkies om direk met iemand te praat, doen dit in 'n veilige, neutrale plek waar jy gemaklik voel. Onthou dat jy die een is wat hierdie onderwerp wil aanspreek, en dat jy dus so gemaklik as moontlik moet voel wanneer jy dit doen.

Transgender mense wat reeds uitgekom het, sê dat jy versigtig moet kies wie die eerste persoon is vir wie jy gaan vertel. Wie het jou tot dusver altyd ondersteun? Dit is nie altyd iemand in jou familie nie. Dink aan 'n getroue vriend, iemand in 'n ondersteuningsgroep, of 'n onderwyser. Sodra jy die eerste keer suksesvol uitgekom het, voel jy meer selfversekerd om dit weer te doen.

Dit kan moeilik wees om teenoor jou ouers uit te kom. Sommige ouers voel dat hulle 'n seun of dogter "verloor" het en het tyd nodig om hierdie inligting te verwerk. Hulle eerste reaksies verteenwoordig miskien nie hoe hulle regtig voel nie. Geduld is nou baie belangrik.

Dis moontlik dat mense 'n negatiewe of aggressiewe reaksie kan hê op jou nuus, en daarom is dit noodsaaklik dat jy 'n strategie moet hê om jouself veilig uit die situasie te onttrek. Beplan dus verskeie maniere hoe jy die gesprek kan kortknip en hoe jy kan wegbekom van hulle af.

[Bron: vertaal en verwerk van <http://www.apadivisions.org/advocacy/transgender-adolescents.pdf>]

10 punte

AFDELING C: POËSIE**VRAAG 5****VOORBEREIDE GEDIG**

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.

Die wêreld het so klein geword – Alta Marincowitz

1 Toe my ouma 'n kind was, speel hulle op die wye vlakte,
2 deel granate in die boord,
3 lees boeke in hulle soeke na kennis
4 en klets met maats as die foun twee kortes en drie langes lui.

5 As kind bly my ma op n ruim erf
6 met 'n grasperk en twee bome,
7 sit sy vasgenaël voor die kassie -
8 vol drome om eendag oor die wye wêreld te swerf.
9 Sy ken mense wat al oorsee was!
10 Haar niggies in die stad gaan naweke fliek
11 en voor matriek sien sy hoe die eerste selfone lyk.

12 Ek klik met 'n muis die wêreld tot in my huis,
13 die web is my werf en Gumtree my boom.
14 Ek is deel van 'n boek waar mense hul gesigte
15 gedeeltelik ontsluit en klankloos klets en kuier.
16 Ek kan kennis onmiddellik op aanvraag verkry
17 en met 'n ieder en elk in verbinding bly.
18 Die moontlikhede is duiſelingwek-
19 kend GROOT en die wêreld het so
20 klein geword dit pas in die
21 twaalf vierkante
22 meter van my
23 kamer
24 in.

[Bron: Touloupers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J Jacobs, Lapa 2011]

- 5.1 Haal **EEN** woord uit strofe 1 aan wat die **narratiewe/verhalende aard** van die gedig aandui. (1)
- 5.2 Haal 'n voorbeeld van **assonansie** uit strofe 1 aan. (1)
- 5.3.1 Wat suggereer die lang reëls in strofe 1 (versreëls 1 en 4) van die ouma se **leefruimte**? (1)
- 5.3.2 Wat suggereer die feit dat strofe 1 slegs uit vier reëls bestaan (en dus die **kortste** van die drie strofes in die gedig is) van die ouma se lewe? (1)
- 5.4 Voltooi die tabel hieronder deur slegs die vraagnommers en antwoorde in julle antwoordboekies te skryf.

	DIE OUMA	DIE MA	DIE DOGTER
LEEFRUIMTE	Woon op 'n groot plaas	5.4.1	5.4.2
INFORMASIE	5.4.3	5.4.4	Die internet
KOMMUNIKASIE	5.4.5	Selfoon	5.4.6
VERMAAK	Speel met vriende	5.4.7	5.4.8

$\frac{1}{2} \times 8 = (4)$

- 5.5 Identifiseer die **binnerym** in die derde strofe. (1)
- 5.6 Verduidelik die **oksimoron** in die derde strofe. (1)

[10]

VRAAG 6

VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.

“Mamma” kan ek nie sê nie - Jelleke Wierenga

1. Ek onthou die engel
2. het my van die rand
3. van wik en weeg
4. afgeskop in jou in
5. onmoontlik sê hulle
6. om te weet van
7. voor tyd se tyd
8. maar ek het geweet
9. wat ek nou weet:
10. as jy na my kyk
11. is ek nie
12. in jou oë nie.



[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners saamgestel deur J Jacobs, Lapa 2011]

- 6.1 Waarom gebruik die digter **inversie** in die titel? (1)
- 6.2 Verduidelik wat dit beteken as jy oor iets ‘wik en weeg’ (r. 3) (1)
- 6.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die alfabetnommer neer.
Die tegniek wat die digter gebruik om die eerste en tweede strofe te bind is ...
 - A. enjambement
 - B. hiperbool
 - C. eufemisme
 - D. paarrym (1)
- 6.4 Haal **EEN** woord uit strofe 1 aan wat aandui dat die ek-spreker terugdink. (1)
- 6.5 Wie is die “hulle” na wie daar in reël 5 verwys word? (1)
- 6.6 Wat word bedoel met “voor tyd se tyd” (reël 7)? (1)

- 6.7 Die ek-spreker stem nie met "hulle" (reël 5) saam nie.
- 6.7.1 Watter **enkele woord** wys dat sy nie saamstem nie? (1)
- 6.7.2 Wat is, volgens die spreker, in kontras met die vorige strofe, wel moontlik? (1)
- 6.8 "maar ek het geweet / wat ek nou weet"
- Wat het die spreker reeds voor haar geboorte geweet wat sy nou ook weet? (1)
- 6.9 Met watter **enkele woord** in die gedig assosieer ons nie gewoonlik die aksies van engele nie? (1)
- [10]**

VRAAG 7 ONGESIENE GEDIG

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.

Leeu in die dieretuin**SJ Pretorius**

1. Sy sien die maanhaar op die grys beton,
2. sy ore stomp, sy lang stert spitsgekwass,
3. geel flikkerende oë in die son,
4. en wonder of hy soms nie in die gras
5. waar Pappie Sondags ry graag sou wou speel:
6. hoe wreed om tussen mure ingeperk
7. te ly . . . mens voel asof jy hom moet streef
8. en argloos vat sy aan die traliewerk.
9. Toe storm hy met donderende gebrul
10. en gryp die vingers styf van vrees gekrul
11. en byt deur senings sonder mededoë
12. en skeur die vleis en been totdat die bloed
13. 'n kabbelende stroom word en ver, soet
14. groen vlaktes opdans voor sy droewe oë.



[Bron: Senior Verseboek – saamgestel deur DJ Opperman, Tafelberg 1985]

- 7.1 Benoem die rymskema in:
 - 7.1.1 strofes 1 en 2; (1)
 - 7.1.2 reëls 11-14. (1)
- 7.2 Noem die poëtiese tegniek wat die digter gebruik tussen versreëls 4 en 5. (1)
- 7.3 Watter **EEN** woord suggereer vir die leser dat die meisie in die gedig baie jonk is? (1)
- 7.4.1 Identifiseer watter emosie die meisie voel wat veroorsaak dat sy die leeu wil streef. (1)
- 7.4.2 Met watter **twee agtereenvolgende woorde** in strofe 3 kontrasteer jou antwoord in 7.4.1? (1)
- 7.5 Watter woord dui die wending in die gedig aan? (1)
- 7.6 Verduidelik waarom die leeu in strofe drie 'ver, soet/ groen vlaktes' kan sien. (1)
- 7.7 Met watter **twee agtereenvolgende woorde** in strofe 1 kontrasteer 'groen vlaktes' (versreël 14)? (1)
- 7.8 Skryf 'n voorbeeld van **alliterasie** neer uit strofe een. (1)

[10]**30 punte**

AFDELING D: TAALVAARDIGHEID

VRAAG 8 SINSTRUKTURE

Die onderstaande taalsinne is op die spotprent gebaseer. Herskryf die sinne soos aangedui.



[Bron: www.netwerk24.com/stemme/spotprente/]

- 8.1 Ben drink twee energiedrankies en 'n handjievol vitaminepille, dan sit hy by sy lessenaar om te begin studeer.
Nadat ... (1)
- 8.2 Hy sit met sy kop in sy hande, want hy voel op die oomblik heeltemal moedeloos.
Hy sit met sy kop in sy hande aangesien ... (1)
- 8.3 Gaan hy enige simpatie van sy klasmaats en sy onderwysers kry?
Nee, ... (1)
- 8.4 Sy ma bring vir hom 'n koppie koffie om hom te motiveer.
Sy ma bring vir hom 'n koppie koffie, want ... (1)
- 8.5 Ben het 'n rukkie gelede 'n lekker stuk koek voor die televisie in sy kamer geëet.
'n Lekker stuk koek ... (1)
- 8.6 Ben het nog nie eers die boeke oopgemaak nie.
Die boeke bevat al die inligting vir die komende eksamen.
Ben het nog nie eers die boeke wat ... (1)
- 8.7 Sy ma moet nou vir duur ekstra lesse betaal.
Sy ma hoef ... (1)

8.8 Ben luister elke middag na klassieke musiek oor sy oorfone.

Ben hou daarvan ...

(1)

8.9 Sy ma vra: "Ben, wanneer gaan jy weer 'n bietjie in die tuin rondloop?"

Sy ma vra vir Ben ...

(1)

8.10 Die moedelose seun gooi sy boeke by die venster uit.

Oor 'n paar minute ...

(1)

8.11 Die werk moet vanaand deur Ben geleer word.

Ben ...

(1)

8.12 Hy bel gou een van sy klasmaats sodat hy 'n moeilike afdeling kan bespreek.

Hy bel gou een van sy maats om ...

(1)

[12]

VRAAG 9

WOORDSTRUKTURE

Lees die paragraaf wat op die onderstaande spotprent gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen die hakies gevra word. Skryf die nommer en die korrekte antwoord in jou antwoordboek neer.

JOU ANTWOORDE MOET ONDER MEKAAR IN EEN KOLOM TEEN DIE KANTLYN GESKRYF WORD.



[Bron: www.netwerk24.com/stemme/spotprente/]

Die vrou kyk na haar **9.1 (rook – korrekte teenwoordige deelwoord)** man. Sy is baie ongelukkig **9.2 (a.g.v. – skryf die afkorting uit in woorde)** die feit dat hy so lui is en dat sy haar elke dag **9.3 (moeg – intensiewe vorm)** moet werk in die huis. Sy is nie die enigste mens **9.4 (wat/wie – kies die korrekte word)** ongelukkig is nie. Haar **9.5 (buurman – gee die meervoud)** is baie trots op hulle **9.6 (slordige – gee die antoniem)** tuin, en haat die lang gras en dooie **9.7 (vrug + bome – gee die samestelling)** anderkant die heining. Dis ook duidelik dat haar man baie **(9.8 maer – gee die vergrotende trap)** kan wees as wat hy tans is!

Die vrou is baie lief vir die **9.9 (blomme – gee die verkleining)** wat in haar kombuis staan. Sy kyk dikwels na hulle wanneer sy die **9.10 (vuil borde, messe, glase, potte – gee die versamelnaam)** moet was. Gelukkig is dit vandag 'n **9.11 (Saterdag – gee die afkorting)** en hulle kry gewoonlik wegneemetes sodat sy nie soveel het om te doen nie. Dit beteken ook dat sy langs haar man kan sit en om **9.12 (21h20 – skryf die tyd in woorde uit)** haar gunsteling program op die televisie kan

kyk. Sy sal egter eers die **9.13 (newspaper – gee die korrekte Afrikaanse woord)** moet skuif voordat sy sal kan sit. Dit sal nie die **9.14 (een – gee die rangtelwoord)** keer wees wat sy dít moet doen nie ...


'n Mens moet nooit **9.15 (sy/jy/jou/hy – kies die korrekte voornaamwoord)** man of vrou se **9.16 (respekteer – gee die selfstandige naamwoord)** verloor nie, want anders sal jy 'n mislike huwelik hê.

16 x ½ = [8]

VRAAG 10

KOMMUNIKASIE

- Lees die inligting hieronder deur en voer die instruksies wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat.
- Elke respons moet **15 – 20 woorde** lank wees. Skryf jou woordtelling elke keer neer.
- Moenie die **vetgedrukte woorde** in jou respons herhaal nie.



[Bron: www.netwerk24.com/stemme/spotprente/]

10.1 Dame A se drankie het warm geword.

Skryf neer watter **versoek** sy op 'n baie **beleefde** manier maak van die kroegman (Persoon B) om hierdie probleem op te los.

(2)

10.2 Die kroegman (Persoon B) reageer dadelik op Dame A se versoek.

Skryf neer wat hy **antwoord** op haar versoek, en wat hy dan sê om haar **diplomaties te sê** dat sy te veel drankies gehad het.

(2)

10.3 Persoon C hou nie van Dame A nie.

Skryf neer watter **lelike ding** sy van Persoon A sê en ook watter **skinder** sy oor Dame A deel met die vrou wat saam met haar by haar tafel sit.

(2)

10.4 Die sjef (Persoon D) is 'n baie goeie kok.

Skryf neer hoe hy homself **gelukwens** met die dis wat hy besig is om te kook en ook hoe hy **fantaseer** oor sy toekoms.

(2)

10.5 Persoon E het 'n fortuin gewen in die nasionale lotery en wil na Dubai verhuis.

Skryf sy **opgewonde** gedagtes neer en ook sy **ongeloof** oor die hoë woonstelhuur.

(2)

[10]

30 punte

TOTAAL: 100 PUNTE